KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

# NOTULE VAN 'N ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OM 10:00 OP DINSDAG 30 AUGUSTUS 2016 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP

# *MINUTES OF A GENERAL COUNCIL MEETING HELD ON TUESDAY, 30 AUGUST 2016 AT 10:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP*

## RAADSLEDE / COUNCILLORS

| | | |
|---|---|---|
| MNR | R J BAKER | |
| MNR | G D BURGER | |
| MNR | D J EUROPA | |
| MNR | C J JACOBS | |
| MNR | D JANTJIES | |
| ME | E C MARTHINUS | (Verlaat die Raadsaal om 11:35) |
| MNR | J G A NIEUWOUDT | (Speaker) |
| ME | M OCTOBER | |
| ME | E L SAULS | (Sluit om 10:10 by die vergadering aan) |
| MNR | P J SWART | (Burgemeester) |
| ME | Z TONISI | (Onder-Burgemeester) |

## AMPTENARE / OFFICIALS

| | |
|---|---|
| Mnr D O'Neill | Munisipale Bestuurder |
| Mnr H Van Biljon | Direkteur: Finansiële Dienste |
| Mnr J Daniels | Wnd Direkteur: Siviele Ingenieursdienste |
| Mnr K Mrali | Direkteur: Gemeenskapsdienste |
| Mnr P Everson | Asst. Direkteur: Elektries |
| Mnr B Hayward | Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning |
| Mnr S Cooper | Bestuurder: Elektries |
| Mnr O January | Bestuurder: Kliëntediens |
| Mnr F du Toit | Bestuurder: Boubeheer |
| Mnr B Swart | Interne Ouditeur |
| Mnr G M Moelich | Bestuurder: Admin Ondersteuning |
| Me T Stone | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me N Mhlati-Musewe | Bestuurder: Menslike Hulpbronne |

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom en Raadslid Swart open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Geen.

3. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

3.1 **BRIEWE VAN DANK / VIR KENNISNAME** Geen

3.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND** Geen

3.3 **AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES** Geen

3.4 **DRINGENDE SAKE DEUR DIE SPEAKER VOORGELê** Geen

4. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

‘n Oomblik van stilte word gehandhaaf vir inwoners wat gedurende die maand oorlede is.

5. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

**Out of the Box Productions: Weekender, Arniston 2016**

Die Weekender, Arniston 2016 Fees word beplan vir 2 tot 4 Desember 2016. Mnr Christopher de Vries verduidelik die konsep van die fees aan die Raad asook die blootstelling wat die fees en die omliggende omgewing in die media sal geniet.
Hy verwys verder na die verskeie verhoë waar optredes sal plaasvind asook die plaasmark wat geskep sal word. Hy noem dat die Feeskomitee reeds by Provinsiale- en Nasionale Regering aansoek gedoen het vir befondsing en versoek Kaap Agulhas Raad om hul ondersteuningsprogram van 2015 verder uit te brei.

***BESLUIT 174/2016***

(i) Dat die Raad kennis neem van die Weekender, Arniston 2016.
(ii) Dat ‘n volledige verslag aan die Raad voorgelê word ten opsigte van behoeftes geïdentifiseer.

6. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING**

6.1 **NOTULE VAN SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

15 Augustus 2016

***BESLUIT 175/2016***

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig, nadat die volgende wysigings aangebring is:

(i) **Item 8.4:** Mnr Richard Majola is die “*Kiesafdelingshoof van Kaap Agulhas Munisipaliteit.*”
(ii) **Besluit 172/2016 (i):** Gemeenskapsdienste Komitee: Voorsitter - Raadslid Z Tonisi (sekundi: Raadslid E Sauls); Korporatiewe Dienste Komitee: Sluit finansies uit (word voorgelê by die UBK).

7. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES**

Geen.

8. **ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING** **Bladsy: Agenda**


8.1 **MUNISIPALE BESTUURDER / *MUNICIPAL MANAGER***

| | | |
|---|---|---|
| 8.1.1 | Process Plan: Drafting and Review of the 2017 - 2022 IDP and Annual Budgets | 4 - 5 |
| 8.1.2 | SALGA Wes-Kaap Provinsiale Konferensie: 19 - 21 Okt 2016 | 5 - 6 |
| 8.1.3 | Raadsverteenwoordiger: Gesondheid- en Welsyn Forum | 6 |
| 8.1.4 | Verkiesing van Komitees van die Raad | 6 - 9 |
| 8.1.5 | Kwartaalverslag: Oudit- en Prestasie-Oudit Komitee | 9 - 10 |
| 8.1.6 | Half-Jaarlikse Verslag: Prestasiemetingstelsel: 30 Junie 2016 | 11 |

8.2 **PUBLIEKE DIENSTE / *PUBLIC SERVICES***

| | | |
|---|---|---|
| 8.2.1 | Maandverslae: Junie en Julie 2016 | 11 - 12 |

8.3 **KORPORATIEWE DIENSTE / *CORPORATE SERVICES***

| | | |
|---|---|---|
| 8.3.1 | Maandverslae: Junie en Julie 2016 | 13 |
| 8.3.2 | Vervreemding (huur): Erf 854, Struisbaai | 13 - 17 |
| 8.3.3 | Maandverslae: Kantoor van die Munisipale Bestuurder | 17 |

8.4 **FINANSIëLE DIENSTE / *FINANCIAL SERVICES***

| | | |
|---|---|---|
| 8.4.1 | Maandverslag: Julie 2016 | 18 |
| 8.4.2 | Monthly Report: Supply Chain: June and July 2016 | 18 - 19 |
| 8.4.3 | Oudit Aksieplan: Maandelikse Vordering - Julie 2016 | 19 |


9. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen

10. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen

11. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen

12. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen

13. **SLUITING:** Vergadering verdaag om 12:00

# 8. ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

## 8.1 MUNISIPALE BESTUURDER / *MUNICIPAL MANAGER*

### 8.1.1 PROCESS PLAN FOR THE DRAFTING AND REVIEW OF THE 2017 - 2022 INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN AND ANNUAL BUDGETS

**REPORT BY THE MANAGER STRATEGIC SERVICES**

**PURPOSE OF REPORT**

To present the Process Plan to guide the planning, drafting, adoption and review of the Integrated Development Plan (IDP) for 2017 - 2022 and the alignment of the budget and performance management processes thereto. It also indicates how the Spatial Development Framework will integrate into the process.

**LEGAL FRAMEWORK**

Integrated development planning is regulated by Chapter 5 of the Local Government Municipal Systems Act. Act 32 of 2000.

Section 25 (1) requires each Municipal Council to adopt a single, inclusive and strategic plan (IDP) for the development of the Municipality within a prescribed period after the start of its elected term.

**Section 28 requires:**

1) *Each municipal council, within a prescribed period after the start of its elected term, must adopt a process set out in writing to guide the planning, drafting, adoption and review of its integrated development plan.*
2) *The municipality must through appropriate mechanisms, processes and procedures established in terms of Chapter 4, consult the local community before adopting the process.*
3) *A municipality must give notice to the local community of particulars of the process it intends to follow.*

**Section 29(1) states that the process must -**

a) be in accordance with a predetermined programme specifying timeframes for the different steps;
b) through appropriate mechanisms, processes and procedures established in terms of Chapter 4,allow for -
   i. the local community to be consulted on its development needs and priorities;
   ii. the local community to participate in the drafting of the integrated development plan; and
   iii. organs of state, including traditional authorities, and other role players to be identified and consulted on the drafting of the integrated development plan;
c) provide for the identification of all plans and planning requirements binding on the municipality in terms of national and provincial legislation; and
d) be consistent with any other matters that may be prescribed by regulation.

**DISCUSSION**

A Draft Process Plan was presented to Council on 28 June 2016 where it was resolved as follows:

| **EXTRACT FROM THE MINUTES OF A MEETING OF THE CAPE AGULHAS MUNICIPAL COUNCIL HELD ON 28 JUNE 2016** |
|---|
| ***MANAGEMENT RECOMMENDATION***<br>***1.*** *That the draft Process Plan in respect of the compilation of the 2017 - 2022 IDP for Cape Agulhas Municipality be approved in terms of Section 28 of the Municipal Systems Act (Act 32 of 2000).*<br>***2.*** *That inputs and comments of the local community on the draft Process Plan be obtained.*<br>***3.*** *That the draft Process Plan be submitted to the Council for final approval in August 2016.*<br>***4.*** *That the integration of the SDF revision process in terms of the Spatial Planning and Land Use Management Act (Act 16 of 2013) be included in the final Process Plan.*<br>***5.*** *That Council note and approve that the process plan includes the Budget Preparation Process.* |
| ***RESOLUTION 152/2016***<br>*That the management recommendation be accepted as resolution of Council.* |

**The draft process plan was made available for public input from 7 July 2016 - 5 August 2016 through the following mechanisms:**

- Local newspaper
- Newsflash sent via e-mail
- A radio broadcast

No inputs were received and the Process Plan is now presented to Council for approval.

The Process Plan has been developed in cognizance of the inter-relatedness of the Municipal Budgeting and Performance Management Processes and as far as possible addresses the integration of these process. The Spatial Development Framework development has also been integrated into the Process Plan.

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

That the Process Plan for the drafting and review of the 2017 - 2022 IDP (which includes the budget preparation process) for Cape Agulhas Municipality be approved in terms of Section 28 of the Municipal Systems Act (Act 32 of 2000).

***RESOLUTION 176/2016***

That the management recommendation be accepted as resolution of Council.

8.1.2 **SALGA WES-KAAP PROVINSIALE KONFERENSIE: 19 - 21 OKTOBER 2016**

**DOEL VAN VERSLAG**

Die Raad moet afgevaardigdes aanwys na die SALGA Provinsiale Konferensie gehou te word vanaf 19 tot 21 Oktober 2016.

**AGTERGROND**

SALGA, Wes-Kaap se Provinsiale Konferensie vind plaas vanaf 19 tot 21 Oktober 2016 te Holiday Inn Garden Court, Nelson Mandela Boulevard, Woodstock. Die formele kennisgewing sal nog uitgestuur word. Die Raad sal verantwoordelik wees vir reis- en verblyfkostes vir afgevaardigdes.

Met die vorige konferensie is die Burgemeester en die Munisipale Bestuurder aangewys as verteenwoordigers van die Raad.

**FINANSIëLE IMPLIKASIE**

Reis- en Verblyfkostes asook Konferensiekostes

***BESTUURSAANBEVELING***

Vir oorweging deur die Raad.

***BESLUIT 177/2016***

Dat die Burgemeester en Munisipale Bestuurder aangewys word om die SALGA Provinsiale Konferensie gehou te word vanaf 19 tot 21 Oktober 2016, by te woon.

8.1.3 **AANWYS VAN RAADSVERTEENWOORDIGER OP BREDASDORP GESONDHEID- EN WELSYN FORUM**

**DOEL VAN VERSLAG**

Die Raad moet 'n verteenwoordiger op die Bredasdorp Gesondheid- en Welsyn Forum aanwys.

**AGTERGROND**

Bredasdorp staan bekend as 'n omgee-gemeenskap wat hande vat en in mekaar se behoeftes voorsien. Bovermelde Forum koördineer verskeie welsynsorganisasies, kerke, skole, hospitaal, kliniek, ensovoorts om van mekaar se behoeftes, maar ook vaardighede, kennis te neem en sodoende mekaar se hand te versterk om 'n kwaliteit rol in die gemeenskap te vervul.

Op die wyse kan leemtes identifiseer word en kan 'n gemeenskapsbehoefte van watter aard ookal met kundigheid deur die regte kanale aangespreek word.

**FINANSIëLE IMPLIKASIE**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Vir oorweging deur die Raad.

***BESLUIT 178/2016***

Dat Raadslid M October as verteenwoordiger aangewys word op die Bredasdorp Gesondheid- en Welsyn Forum.

8.1.4 **VERKIESING VAN KOMITEES VAN DIE RAAD**

**DOEL VAN VERSLAG**

Verkiesing van komitees van die Raad.

**AGTERGROND**

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No 117 van 1998) maak voorsiening vir die daarstelling van artikel 79 en artikel 80 komitees.

Artikel 79 komitees is Raadskomitees, aangewys deur die Raad vir 'n spesifieke doel en verantwoordbaar aan die Raad. Artikel 79 komitees moet so saamgestel word dat dit die partye en belange gereflekteer in die Raad se samestelling, verteenwoordig. Die Raad mag persone wat nie Raadslede is nie, op hierdie komitees benoem, gebaseer op hierdie persone se tegniese ondervinding. Sulke komitees sluit ouditkomitees, oorsigkomitees, prestasiebestuur komitees en reëlskomitees in.

Artikel 80 komitees word deur die Raad aangewys om die Uitvoerende Burgemeester by te staan in die uitvoering van sy pligte. Hierdie komitees is verantwoordbaar aan die Uitvoerende Burgemeester.

A. **LEDE MOET VIR DIE VOLGENDE KOMITEES AANGEWYS WORD**

**Artikel 79 Komitees**
- Arbeidsforum
- Gelyke Indiensnemingskomitee
- Opleiding- en Ontwikkelingskomitee
- Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitee
- Behuisingskomitee
- MPAC
- Oudit- en Prestasie Ouditkomitee

**Artikel 80 Komitees**
- Gemeenskapsdienste Komitee
- Publieke Werke Komitee
- Finans en Korporatiewe Dienste Komitee
- Masakhane Werksgroep

B. **VERTEENWOORDIGERS MOET VIR DIE VOLGENDE AANGEWYS WORD**

- Overberg Distriksmunisipaliteit
- Pensioenfonds vir Raadslede en Amptenare
- Hospitaalraad
- Trusteeraad van Skeepswrakmuseum
- Toerisme
- Bewaringskomitee
- Heuningberg Natuurtuin
- Nasionale Parkeraad
- ACVV: Gesondheid- en Welsynskomitee
- ACVV: Dienssentrum Beheerliggaam
- Distriksgesondheidsraad
- Provcom / Provtech
- Kaap Agulhas Sportforum
- Mediese Hulpfonds vir Plaaslike Owerhede
- Georganiseerde Landbou, Opkomende Boere en Vissermanne
- SALGA Speakersforum

C. **VERTEENWOORDIGERS VIR DIE VOLGENDE SALGA WERKSGROEPE MOET AANGEWYS WORD**

- Ekonomiese Ontwikkeling
- Munisipale Finansies en Administrasie
- Sosiale Ontwikkeling, Gesondheid en Veiligheid
- Munisipale Dienste
- Menslike Hulpbron Ontwikkeling
- Regering, Inter-Regering en Internasionale Verhoudinge

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

(i) Dat die Raad die lede/verteenwoordigers van die komitees aanwys.
(ii) Dat, indien die Raad besluit om artikel 80 komitees in te stel, die uitvoerende burgemeester die voorsitters van die komitees aanwys.
(iii) Dat, indien die Raad besluit om artikel 79 komitees in te stel, die komitees self hul voorsitters aanwys op hul eerste vergadering.

***BESLUIT 179/2016***

(i) Lede op die Komitees word soos volg aangewys:

A. **Artikel 79 Komitees**

| | |
|---|---|
| **Arbeidsforum** | • Rdl D Burger<br>• Rdl E Sauls<br>• Rdl Z Tonisi<br>• Rdh E Marthinus |
| **Gelyke Indiensnemingskomitee** | • Rdl D Burger<br>• Rdh E Marthinus |
| **Beroepsgesondheid- En Veiligheidskomitee** | • Rdl D Burger<br>• Rdh E Marthinus |
| **Behuisingskomitee** | • **Wyksraadslede:**<br>Rdl E Sauls<br>Rdl M October<br>Rdl R Baker<br>Rdh J Nieuwoudt<br>Rdl P Swart<br>Rdl D Europa |
| **MPAC** | • Rdl Z Jacobs (**Voorsitter**)<br>• Rdl E Sauls<br>• Rdh D Jantjies<br>• Rdh E Marthinus |
| **Oudit- en Prestasie-Oudit Komitee** | ***Komitee is reeds aangewys - Geen Raadslede mag op Komitee dien nie.*** |

B. **Artikel 80 Komitees**

| | |
|---|---|
| **Gemeenskapsdienste Komitee** | • Rdl Z Tonisi (**Voorsitter**)<br>• Rdl E Sauls<br>• Rdl D Europa<br>• Rdh D Jantjies<br>• Rdl Z Jacobs |
| **Publieke Werke Komitee** | • Rdl M October (**Voorsitter**)<br>• Rdl D Burger<br>• Rdl R Baker<br>• Rdh D Jantjies<br>• Rdl Z Jacobs |
| **Korporatiewe Dienste Komitee** | • Rdl D Burger (**Voorsitter**)<br>• Rdl M October<br>• Rdh E Marthinus<br>• Rdh D Jantjies<br>• Rdl Z Jacobs |

| | |
|---|---|
| **Masakhane Werkgroep** | • Rdl Z Tonisi (**Voorsitter**)<br>• Wyksraadslede:<br>Rdl E Sauls<br>Rdl M October<br>Rdl R Baker<br>Rdh J Nieuwoudt<br>Rdl P Swart<br>Rdl D Europa |

C. **VERTEENWOORDIGERS WORD SOOS VOLG AANGEWYS**

| | |
|---|---|
| **Overberg Distriksmunisipaliteit** | Rdl E Sauls en Rdh E Marthinus |
| **Pensioenfonds vir Raadslede en Amptenare** | Rdh J Nieuwoudt |
| **Hospitaalraad** | Rdl E Sauls |
| **Trusteeraad van Skeepswrakmuseum** | Rdl P Swart |
| **Toerisme** | Rdl D Burger |
| **Bewaringskomitee** | Rdl P Swart |
| **Heuningberg Natuurtuin** | Rdh J Nieuwoudt |
| **Nasionale Parkeraad** | Rdl D Burger |
| **ACVV: Gesondheid- en Welsynskomitee** | Rdl M October |
| **ACVV: Dienssentrum Beheerliggaam** | Rdl M October |
| **Distriksgesondheidsraad** | Rdh J Nieuwoudt |
| **Kaap Agulhas Sportforum** | Rdl E Sauls |
| **Georganiseerde Landbou, Opkomende Boere en Vissermanne** | Rdl P Swart<br>Rdl Z Jacobs |
| **SALGA Speakersforum** | Rdh J Nieuwoudt |

D. **VERTEENWOORDIGERS VIR SALGA WERKSGROEPE**

| | |
|---|---|
| **Ekonomiese Ontwikkeling** | Rdl E Sauls<br>(***Sekundi: Rdl Z Jacobs***) |
| **Munisipale Finansies en Administratie** | Rdl P Swart<br>(***Sekundi: Rdl Z Jacobs***) |
| **Sosiale Ontwikkeling, Gesondheid en Veiligheid** | Rdl Z Tonisi<br>(***Sekundi: Rdl Z Jacobs***) |
| **Munisipale Dienste** | Rdl D Burger |
| **Menslike Hulpbron Ontwikkeling** | Rdl D Burger |
| **Regering, Inter-Regering en Internasionale Verhoudinge** | Rdl P Swart |

(ii) Die ANC spreek sy misnoeë uit omrede daar nie ‘n finansiële komitee in die Raad bestaan nie.

8.1.5 **KWARTAALVERSLAG OOR DIE OUDIT- EN PRESTASIE-OUDIT KOMITEE SE WERKSAAMHEDE VIR DIE KWARTALE GEËINDIG 31 MAART 2016 EN 30 JUNIE 2016**

**DOEL VAN VERSLAG**

Verslagdoening aan die Raad oor die Oudit- en Prestasie-Oudit Komitee se werksaamhede en die uitvoering van sy pligte vir die twee kwartaale geëindig 31 Maart 2016 en 30 Junie 2016.

## AGTERGROND

In terme van Nasionale Tesourie se Omsendskrywe 65 van 2003 moet die Komitee op 'n kwartaallikse basis verslag aan die Raad doen oor die uitvoering van hulle funksies en werksaamhede asook werksaamhede van die interne oudit afdeling. Hierdie omsendskrywe is in 2012 aangepas om by die jongste verwikkelinge en verwagtinge rondom die komitee, interne oudit en risiko bestuur aan te pas.

Op grond van hierdie skrywe het die Komitee sy kwartaalverslag uitgebring vir bogemelde twee kwartale wat nou aan die Raad voorgelê word vir bespreking en oorweging (aangeheg op bladsy 5 tot 9).

**Die Raad se aandag word graag op die volgende pertinente punte gevestig:**

**Verslag van 31 Maart 2016**

*"Par. 5(b)*

*I. The SDBIP findings highlighted by the Internal Auditor still indicates a lack of review, in some instances, by senior staff of the monthly updates or commitment by the Directors to ensure complete and accurate completion thereof."*

**Verslag van 30 Junie 2016**

*Par. 5(b)*

*i. The number of KPI's that have not yet been achieved and the effect this could have on service delivery;*
*ii. The difficulty experienced by the Manager: Strategic Services in obtaining the evidence of achievements to prepare the PoE file for the upcoming Auditor-General audit; and*
*iii. There is still a lack of review by management to ensure accurate completion of actual achievement, timeous updating of the system on a monthly basis and the submission of supporting evidence for targets achieved;*
*iv. The contents of the internal audit reports that indicates that the internal controls or the application of such controls are not always in place; and*
*v. The current process of staff appraisals that is not applied consistently and that not as effective as it should be.*

## PERSONEEL IMPLIKASIES

Geen.

## FINANSIËLE IMPLIKASIE

Geen.

## *AANBEVELING: OUDIT- EN PRESTASIE-OUDIT KOMITEE*

Dat die Raad die inhoud van die Komitee se kwartaalverslag vir die tydperke geëindig 31 Maart 2016 en 30 Junie 2016 bespreek en die verslae aanvaar word.

## *BESLUIT 180/2016*

Dat die die inhoud van die Komitee se kwartaalverslag vir die tydperke geëindig 31 Maart 2016 en 30 Junie 2016 en die verslae, aanvaar word.

8.1.6 **HALF-JAARLIKSE VERSLAG OOR DIE PRESTASIEMETING- STELSEL VIR DIE TYDBERK GEËNDIG 30 JUNIE 2016**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die Raad in te lig oor die Oudit- en Prestasie-Ouditkomitee se half-jaarlikse verslag oor bogemelde tydperk oor hulle evaluering van die prestasiemetingstelsel en die bestuur daarvan en vir die Raad om die verslag te oorweeg.

**AGTERGROND**

In terme van artikel 14(4)(a)(iii) van die Plaaslike Regering: Munisipale Beplanning en Prestasiebestuurs Regulasies, 2001 (Regulasie 796), moet die komitee twee maal per jaar die munisipaliteit se prestasiemetingstelsel (SDBIP stelsel) en die bestuur daarvan evalueer en daaroor aan die Raad verslag doen.

Die Komitee het dan ook sodanige evaluering gedoen vir die tydperk 1 Januarie 2016 tot 30 Junie 2016 en die vereiste verslag opgestel (sien bladsy 10 tot 13). Die Komitee is oor die algemeen baie tevrede met die stelsel en die bestuur daarvan, maar lig die volgende bekommernisse uit:

Daar is nog steeds gevalle waar die Direkteure nie in alle gevalle die maandelikse voltooiing van die SDBIP moniteer vir akkuraatheid en volledigheid nie.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINASIËLE IMPLIKASIE**

Geen.

***AANBEVELING: OUDIT- EN PRESTASIE-OUDIT KOMITEE***

Dat die Komitee se half-jaarlikse verslag vir die half-jaar geëindig 30 Junie 2016 oor die munisipaliteit se prestasiebestuurstelsel en die bestuur daarvan oorweeg en aanvaar word.

***BESLUIT 181/2016***

(i) Die Raad neem kennis van die Komitee se half-jaarlikse verslag geëindig op 30 Junie 2016 oor die munisipaliteit se prestasiebestuurstelsel en die bestuur daarvan.
(ii) Goedkeuring van die 2016 verslag sal by die volgende vergadering hanteer word.
(iii) Dat die Munisipale Bestuurder versoek word om die volledigheid van die SDBIP monitering deurlopend te monitor en die betrokke Direkteure wie hule skuldig hieraan maak, verantwoordelik te hou.

## 8.2 PUBLIEKE DIENSTE / *PUBLIC SERVICES*

8.2.1 **VERSLAG VAN DIE ASSISTENT DIREKTEUR: ELEKTROTEGNIESE DIENSTE VIR JUNIE EN JULIE 2016**
***REPORT FROM THE ASSISTANT DIRECTOR: ELECTRO TECHNICAL SERVICES FOR JUNE AND JULY 2016***

---

Aangeheg op bladsy 14 tot 19. / *Attached on page 14 to 19.*

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die Assistent Direkteur: Elektrotegniese Dienste vir Junie en Julie 2016 aanvaar word.
*That the monthly reports from the Assistant Director: Electro Technical Services for June and July 2016 be accepted.*

***BESLUIT 182/2016***

Dat die bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

### 8.2.2 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE VIR JUNIE EN JULIE 2016 *REPORT FROM THE DIRECTOR: TECHNICAL SERVICES FOR JUNE AND JULY 2016*

---

Aangeheg op bladsy 20 tot 32. / *Attached on page 20 to 32.*

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die Direkteur: Tegniese Dienste vir Junie en Julie 2016 aanvaar word.
*That the monthly reports from the Director: Technical Services for June and July 2016 be accepted.*

***BESLUIT 183/2016***

Dat die bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

### 8.2.3 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE VIR JUNIE EN JULIE 2016 *REPORT FROM THE DIRECTOR: COMMUNITY SERVICES FOR JUNE AND JULY 2016*

---

**Gemeenskapsdienste / *Community Services***

- Publieke Dienste / Public Services (bladsy / *page* 33 - 43)
- Behuising / *Housing* (bladsy / page 44 - 45)
- Biblioteekdienste / *Library Services* (bladsy / page 46 - 53)
- Beskermingsdienste / *Protection Services* (bladsy / page 54 - 63)

**Menslike Ontwikkeling / *Human Development*** (bladsy / page 64 - 67)

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die Direkteur: Gemeenskapsdienste vir Junie en Julie 2016 aanvaar word.
*That the monthly reports from the Director: Community Services for June and July 2016 be accepted.*

***BESLUIT 184/2016***

Dat die bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

## 8.3 KORPORATIEWE DIENSTE / *CORPORATE SERVICES*

### 8.3.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE VIR JUNIE EN JULIE 2016
### *REPORT FROM THE DIRECTOR: CORPORATE SERVICES FOR JUNE AND JULY 2016*

---

- Administratiewe Ondersteuning / *Administrative Support* bladsy / page 68 - 71
- Menslike Hulpbronne / *Human Resources* bladsy / page 72 - 81
- Stadsbeplanning en Boubeheer / Town planning and Building control bladsy / page 82 - 88
- Information Communication Technology bladsy / page 89 - 90
- Napier Kantoor / Napier *Office* bladsy / page 91

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die Direkteur: Korporatiewe Dienste vir Junie en Julie 2016 aanvaar word.
*That the monthly reports from the Director: Corporate Services for June and July 2016 be accepted.*

***BESLUIT 185/2016***

Dat die bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

### 8.3.2 AANSOEK OM VERVREEMDING (HUUR) VAN ERF 854, STRUISBAAI (COLLAB: 152119) (S854 - DKD) (WYK 5)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr G Eyles om erf 854, Struisbaai te huur ten einde dit vir 'n water- en aktiwiteitspark aan te wend.

**ALGEMENE INLIGTING**

| | | |
|---|---|---|
| Eienaars | : | KAM |
| Ligging | : | Erf 854, Duikerstraat, Struisbaai |
| Huidige sonering | : | Oop ruimte |
| Erf Grootte | : | 7288m$^2$ |

**DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR**

**DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE**

**Direkteur**
No objections.

**Bestuurder: Stadsbeplanning**
Geen beswaar. Hersonering en omgewingsimpak vir die eienaar se koste.

**Bestuurder: Bou Beheer**
Die aansoek word ondersteun. Planne vir alle strukture moet ingedien word en alle Stadsbeplannings voorwaardes moet voldoen soos vereis mag word.

**Bestuurder: Administratiewe Dienste**
Die aansoek is redelik volledig en kan ondersteun word. Die PUBLIEKE DEELNAME, veral ook konsultasie met die omliggende eienaars, is egter baie baie belangrik.

## DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE

**Direkteur**
No objections.

## ASSISTENT DIREKTEUR: ELEKTROMEGANIESE DIENSTE

**Direkteur**
Elektrisiteit kan voorsien word op die eienaar se koste maksimum 30 amp 3 faas aangesien die lyne reeds baie lank is. Hulle moet maar met meer spesifieke aansluitings punte aansoek doen.

**Bestuurder: Elektromeganiese Dienste**

Only a 30A three phase connection is available for that sit due to system constraints.

## DIREKTEUR: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

**Bestuurder: Water en Riool**

Ons sal ongelukkig nie ‘n rioolaansluiting kan gee nie aangesien die hoogte van die erf dit nie toelaat nie. ‘n Riooltenk sal dus gebou moet word. Ek wil egter voorstel dat die aansoeker eerder die bestaande ablusie saam met KAM opgradeer. Dit kan ‘n “wen-wen” situasie wees. Ek sal ook graag ‘n idee wil kry van die hoeveelheid water wat benodig word, veral in die piektyd.

## ODM GESONDHEID

Die perseel sal moet voldoen aan artikels 4, 19, 20, 21, 22 en 38 van die Munisipale Gesond-heidsverordening.

## FINANSIëLE IMPLIKASIES

Huurinkomste vir die Raad.

## MARKWAARDASIE

R5 000,00 per jaar

## BESLUIT: LD 37/2016

Dat die kommentaar van Raadslid Burger verkry word.

## KOMMENTAAR: RAADSLID BURGER

Hierdie aansoek is ontvang van mnr Eyles, deeglik bestudeer, met Bertus Hayward en Francois du Toit bespreek en vir oorweging aan die wykskomitee voorgelê. Na deeglike besinning het die wykskomitee besluit om die aansoek te ondersteun as ‘n wenslike aktiwiteit of fasiliteit op die bepaalde perseel in Struisbaai. Die wykskomitee is verder ook van mening dat die versoek om ‘n impakstudie op hierdie perseel, wat vir meer as 40 jaar as informele parkeerterrein benut word, gewis oorbodig is.

**AGTERGROND**

**Die Land Disposal Komitee neem die volgende besluit (LD54/2016):**

"*(i)* *Dat daar voldoen word aan die skema regulasies.*
*(ii)* *Dat, indien 'n omgewingsimpakstudie gedoen moet word, die proses gevolg word.*
*(i)* *Dat daar gewag word op die hoogte van die struktuur.*"

**Op 24 Mei 2016 neem die UBK die volgende besluit (BK68/2016):**

"*Aangesien die aansoek aan die skema regulasies voldoen en indien die omgewings-impakstudie proses gevolg word, word goedkeuring verleen vir die verhuring van 'n gedeelte van erf 854, Struisbaai met 'n groote van 3 600m² aan mnr G Eyles vir 'n tydperk van 3 jaar, ten einde dit vir 'n water- en aktiwiteitspark aan te wend teen 'n bedrag van R5 000,00 per jaar.*"

**ADVERTENSIE**

'n Advertensie met die Raad se voorneme is op 24 Junie 2016 in die plaaslike pers geplaas.

**'n Opsomming van die besware ontvang sluit die volgende in:**

| BESWAARMAKER | OPSOMMING VAN BESWARE |
|---|---|
| **1. Stefan van Schaik**<br><br>(Erf 2215, Struisbaai) | 1. The site is not identified.<br>2. The size is half the parking area.<br>3. Impact on traffic.<br>4. 100m mark breached.<br>5. Impact on blue flag beach unknown.<br>6. Rezoning of area to business.<br>7. Water restrictions in Struisbaai over December/ January.<br>8. Extra 9 toilets - impact.<br>9. Security in place.<br>10. Parkingproblems.<br>11. Clarification on the impact study. |
| **2. Piet Stemmet**<br><br>(Erf 2216, Struisbaai) | 1. Parking area will be halved.<br>2. Entrance from Protea Street will be closed.<br>3. Water restrictions in Struisbaai over December / January.<br>4. Water from the fun park will pollute the swimming beach.<br>5. Sewage waste will create an unpleasant smell.<br>6. Fencing will prevent access to beach.<br>7. Day visitors will move to another location.<br>8. No environmental study of people walking through the dunes. |
| **3. H S C Bester** | 1. Site not correctly identified.<br>2. The lease should have been public tender.<br>3. Zoning of the space.<br>4. No environmental impact was done.<br>5. Reduces available parking space.<br>6. No water use licence was applied for.<br>7. Water restrictions (No water use study).<br>8. Transgression of the 2 storey building restriction.<br>9. The high of the structures.<br>10. Negative impact on property values.<br>11. Neighbouring residents were not properly informed. |
| **4. Botha Prokureurs**<br><br>(Namens TEBE Beleggings Trust (Erf 2209, Struisbaai) en Kommarsekraal Trust - Bloekomlaan 6, Struisbaai) | 1. Geen vooraf kennisgewing aan aangrensende en omliggende eienaars.<br>2. Ongemak en ergenis vir die buurt.<br>3. Seisoenaal - druk op huidige infrastruktuur.<br>4. Huurtermyn is slegs 'n tydelike reëling.<br>5. Watertekorte in seisoentye.<br>6. Geraas van die waaier motors, en kragopwekkers.<br>7. Privatisering van openbare grond. |

Na verskeie vergaderings, onder andere op die genoemde perseel, is 'n alternatiewe perseel geïdentifiseer, naamlik erwe 852 en 857 in Struisbaai. Die terrein is bekend as die "oop persele by die tennisbane" in Hoofweg, Struisbaai. Na 'n terreininspeksie is voorgestel deur die rolspelers om die terrein te gebruik en dat die gebied soos voorgestel wel oorweeg word (sien bladsy 92 en 93).

**Die motivering vir hierdie gebied sluit onder andere in -**

(1) sigbaarheid vir die publiek - bemarking;
(2) die aansluiting by munisipale dienste soos riool en elektrisiteit is relatief maklik;
(3) parkering op die perseel is beskikbaar;
(4) asook die impak op die onmiddellike omgewing, aangesien daar geen residensiële eiendom naby geleë is nie.

**<u>SAPD</u>**

***Daar was intussen onderhandelings met die stadsbeplanners van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) wat ook die nuutvoorgestelde gebied wil gebruik vir die moontlike oprigting van 'n polisiestasie in Struisbaai.***

**Op 22 Julie 2016 ontvang die Raad die volgende skrywe van die SAPD:**

The establishment of a new police station to serve Struisbaai has been included into the South African Police Service long term infrastructure development programme.

Further to a discussion held on 20 July 2016 with the Planning Manager of Cape Agulhas Municipality and officials at the Struisbaai Police Station, it was noted that Erf 857 Struisbaai was previously earmarked for a police station development due to it's ideal locality.

A formal application is hereby submitted for the donation of a portion of Erf 857 Struisbaai, measuring approximately 1, 5 hectares for the future establishment of a new police station development.

**<u>RAADSBESLUIT</u>**

Op 26 Julie 2016 neem die Raad die volgende besluit (165/2016):

*(i) Na die uitbring van stemme word die bestuursaanbeveling nie aanvaar nie.*
*(ii) Dat verdere ondersoek in dié verband gedoen en aan die Raad voorgelê word.*

***<u>BESTUURSAANBEVELING</u>***

(i) Dat die Raad nie die UBK besluit van 24 Mei 2016 aanvaar nie (BK68/2016).
(ii) Dat die Raad kennis neem van die besware ontvang.
(iii) Dat 'n gedeelte van erf 852 en 857 tydelik aan die voornemende huurder beskikbaar gestel word om 'n water-aktiwiteitspark te bedryf vir die vakansieseisoen van Desember 2016 / Januarie 2017 totdat verdere inligting rondom die bou van die Struisbaai Polisiestasie beskikbaar is.
(iv) Dat die Raad kennis neem dat daar wel 'n huidige huurooreenkoms met Suidpunt Hengelklub bestaan wat ook 'n gedeelte van die genoemde terrein gebruik.
(v) Dat die huurder aanspreeklik is vir alle koste sover die installering en gebruik van munisipale dienste betref.
(vi) Dat die huurbedrag deur die Raad bepaal word.
(vii) Dat 'n ooreenkoms met die huurder opgestel word vir die gebruik gedurende die Desember / Januarie-seisoen.
(viii) Dat die beswaarmakers van die Raad se besluit ingelig word.
(ix) Dat omliggende grondeienaars van die Raad se besluit in kennis gestel sal word.

***BESLUIT 186/2016***

(i) Dat die Raad nie die UBK besluit van 24 Mei 2016 aanvaar nie (BK68/2016).
(ii) Dat die Raad kennis neem van die besware ontvang.
(iii) Dat die beswaarmakers van die Raad se besluit ingelig word.
(iv) Dat omliggende grondeienaars van die Raad se besluit in kennis gestel sal word.
(v) Dat 'n gedeelte van erf 852 en 857 tydelik vir 'n termyn van 3 jaar aan die voornemende huurder beskikbaar gestel word om 'n water-aktiwiteitspark te bedryf.
(vi) Dat die Raad kennis neem dat daar wel 'n huidige huurooreenkoms met Suidpunt Hengelklub bestaan wat ook 'n gedeelte van die genoemde terrein gebruik (ooreenkoms verval 31 Desember 2016).
(vii) Dat die huurder aanspreeklik is vir alle koste sover die installering en gebruik van munisipale dienste betref.
(viii) Dat 'n huurbedrag van R5 000,00 per jaar betaalbaar sal wees.
(ix) Dat 'n huurooreenkoms met die huurder opgestel word.
(x) Dat alle verhuringsvoorwaardes geldig sal wees (terugvallingsklousule, onderhou van perseel, betalingsvoorwaardes, opseggingskennisgewings, ens.).
(xi) Dat 'n dringende gesprek gevoer word rondom die ontwikkeling van ondere andere erf 852 en 857.

## 8.3.3 VERSLAE UIT DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER VIR JUNIE EN JULIE 2016
## *REPORTS FROM THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER FOR JUNE AND JULY 2016*

---

**STRATEGIESE DIENSTE**

Die volgende verslae word aangeheg op bladsy 94 tot 107:

1. Kommunikasie / *Communication*
2. Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling / *Local Economic Development*
3. Toerisme / *Tourism*
4. Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning / *Integrated Development Planning*
5. Anti-Bedrog- en Risikobestuur / *Anti Fraud and Risk Management*
6. Prestasie Bestuur / *Performance Management*
7. Publieke Deelname / *Public Participation*
8. Verlof en Oortyd / Leave and Overtime

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die verslae uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir Junie en Julie 2016 aanvaar word.
*That the reports from the office of the Municipal Manager for June and July 2016 be accepted.*

***BESLUIT 187/2016***

Dat die bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word en dat kennis geneem word dat die verslae van die Munisipale Bestuurder voortaan deel sal uitmaak van die agenda van die Korporatiewe Dienste Komitee.

## 8.4 FINANSIëLE DIENSTE / *FINANCIAL SERVICES*

### 8.4.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: FINANSIëLE DIENSTE VIR JULIE 2016 *REPORT FROM THE DIRECTOR: FINANCIAL SERVICES FOR JULY 2016*

Aangeheg op bladsy 108 tot 143. / *Attached on page 108 to 143.*

(***Junie se maandverslag het reeds voor die Raad gedien.***)

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag van die Direkteur: Finansiële Dienste vir Julie 2016 aanvaar word.
*That the monthly report of the Director: Financial Services for July 2016 be accepted.*

***BESLUIT 188/2016***

Dat die bestuursaanbeveling as besluit van die Raad aanvaar word.

### 8.4.2 MONTHLY REPORT: SUPPLY CHAIN MANAGEMENT FOR THE MONTHS ENDED ON 30 JUNE AND 31 JULY 2016 (5/27 - DFS)

**PURPOSE OF REPORT**

**To report on:**

1. Awards made to suppliers of goods and services in terms of the Supply Chain Management and Policy and Regulations.
2. Relevant reports under the Supply Chain Management - Regulations and Policies.

**BACKGROUND**

The Act on Local Government : Municipal Finance Management Act, 2003, Chapter 11, the Municipal Supply Chain Management Regulations , as published in the Government Gazette on 30 May 2005 and the Council 's Supply Chain Management Policy as adopted on 30 June 2015 states that several reports must be submitted to the Council, accounting Officer and the Chief Financial officer. In order to create a transparent image to all processes in the Supply Chain Management Division, a full report is submitted to the Council.

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

The following reports on page 144 to 222 are submitted for notification / approval:

1. Petty Cash Purchases (SCM Regulations 15 (d))
2. Final awards made for a value above R30 000 up to R10 million (SCM Regulations 5 (4))
3. Final awards made above R100 000 submitted to Provincial & National Treasuries
4. Written Quotations awarded without obtaining three quotations (SCM Regulations 16 (c)) & 17 (c)
5. Deviations from Minor Breaches of the Supply Chain Management Policy (SCM Regulations 36 (1) (a), (b) &(c))
   5.1 Under R30 000
   5.2 Above R30 000
   5.3 Above R200 000 (Regulations 36)
6. Written & Formal Written Quotations awarded (all awards) (SCM Regulations 5 (3), 5 (4) (a) & (b) & 18(1)(d), 17(2))

7.1 Report on Awards made to persons in service of the state (SCM Regulations 44)
7.2 Report on awards made to close family members of persons in service of the state (SCM Regulations 44)

8. Report on Projects on i-Tender in terms of the CIDB Regulation 18(1)
9. Report on Registrations on Suppliers Database

***RESOLUTION 189/2016***

(i) That the management recommendation be accepted as resolution of Council.
(ii) Raadshere Jantjies en Marthinus versoek dat hul teenstemme aangeteken word.

8.4.3 **OUDIT AKSIEPLAN 2014/15 (OPCAR): MAANDELIKSE VORDERING - JULIE 2016**

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die vordering met die goedgekeurde 2014/15 Oudit bevindinge Aksieplan (OPCAR) vir die maand Julie 2016.

**AGTERGROND**

Na aanleiding van die Ouditeur-Generaal se oudit van die 2014/15 finansiële jaar is daar sekere leemtes uitgewys wat aangespreek moet word. Hierdie bevindinge is in die oudit bevindinge aksieplan opgeneem en bepaalde regstellende stappe is bepaal om die bevindinge aan te spreek.

Die vordering word ook aan die Oudit- en Prestasie Ouditkomitee voorgelê en word ook op 'n gereelde grondslag met die Ouditeur-Generaal bespreek. Die vordering met die plan word verder op 'n kwartaallikse grondslag aan die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie voorgelê. Die verslag wat hierby aangeheg is op bladsy 223, is 'n aanduiding van die vordering wat met hierdie aksieplan gemaak is soos op einde Julie 2016.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Oorweging, bespreking en aanvaarding van die munisipaliteit se vordering insake die implementering van die Oudit Aksieplan voortspruitend uit die bevindinge van die Ouditeur-Generaal vir die 2014/15 finansiële jaar soos op einde Julie 2016.

***BESLUIT 190/2016***

Dat die munisipaliteit se vordering insake die implementering van die Oudit Aksieplan voortspruitend uit die bevindinge van die Ouditeur-Generaal vir die 2014/15 finansiële jaar soos op einde Julie 2016, aanvaar word.

Hierna verdaag die vergadering om 12:00

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2016**

______________________________
**SPEAKER** **DATUM:**